

KAMPUS NEWS



SELLO MOLAPO

Juggling challenges

Groot vordering
met herwinning

New forum to
tackle staff issues

Two professors
paddle for health

EBW se Prof De Villiers
word weer student

My Kampus: Sello Molapo juggles challenges 3
 Minister launches new Centre of Excellence 4
 Personeel dans weer in styl 5
 HOPE@Maties-sentrum in Genadendal 6
 US vier 20 jaar van demokrasie 7
 Staatmakers tree af 8
 'n Plan vir herwinning 9
 Maties Staff Forum established 10
 Professors paddle for health 11
 Woordfees wys weners aan 12
 Kampuslewe: Eet, lees en luister 13
 Wellness to the next level 14
 In gesprek met prof Johann de Villiers 15
 Brokkies in Beeld 16



11



12



15

Redakteur: Wayne Muller
 Voorbladfoto: Stefan Els
 Bladontwerp: SUN MeDIA
 Drukwerk: SUN MeDIA
 Advertensies: Conita Henry
 tel: 021 808 4633, e-pos: chenry@sun.ac.za
 Redaksionele bydraes aan: Die Redakteur,
 Admin B-gebou, tel: 021 808 2927,
 faks: 021 808 3800,
 e-pos: kampusnuus@sun.ac.za
 of wmuller@sun.ac.za



UNIVERSITEIT
 STELLENBOSCH
 UNIVERSITY

Wayne



VAN DIE Redakteur

Dinge is gedurig aan die gebeur by die Universiteit Stellenbosch. Ons maak nie net vordering op die gebied van navorsing nie, maar ons personeellede laat ook hul naam buite werksverband geld. *Kampusnuus* gee jou hierdie maand nuus uit allerlei oorde oor ons kollegas.

Our cover personality in this issue is Sello Molapo, a manager in the Human Resources Division. On page 3, he tells us more about his dual responsibilities as the human resources manager for Facilities Management and as SU's employment equity manager.

Two staff members, Profs Maureen Robinson and Eileen van Helden, share their love of dragon boat racing. They are part of the amaBele Belles dragon boat team, a group of cancer survivors who will represent South Africa in Malaysia at the end of May. Read more on page 11.

Kampusnuus also reports on the only in-house trade union at SU, Maties Staff Forum. On page 10, we chat to the chairman, Dr Sadulla Karjiker, about the role of this organisation at SU.

Die Fakulteite Ingenieurswese en Lettere en Sosiale Wetenskappe het onlangs twee staatmaker-kollegas gegroet wat afgetree het, onderskeidelik Jannie Barnard en Maureen Cadman.

Ons het met dié twee, wat dekades lank by die Universiteit gewerk het, gesels oor wat hulle nou ná aftrede gaan aanpak. Lees meer op bladsy 8.

Nog 'n kollega wat 'n ander fase van sy loopbaan betree, is Prof Johann de Villiers, wat tot einde Maart dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe was. Hy word weer 'n student en vertel meer daaroor op bladsy 15.

Volhoubaarheid is altyd hoog op die US se agenda. Op bladsy 9 gee ons jou die jongste statistiek oor hoe die Universiteit met herwinning vorder.

Daar is nog hope nuus te lees in hierdie maand se uitgawe van *Kampusnuus*, so geniet dit. En laat hoor van julle.

Juggling challenges

Being able to converse in nine official languages and working both as the Human Resources Manager for Facilities Management and as SU's Employment Equity Manager, Sello Molapo is certainly multi-talented. By SONIKA LAMPRECHT

I chose a career in HR because ... I love working with people and I find satisfaction in helping others. I believe that dealing with human beings is the toughest job in the world. I have always wanted to be connected to and feel the pulse of the people. At SU, I have a dual role as the Human Resources Manager for Facilities Management and also the University's Employment Equity Manager. Both roles come with a variety of tasks and enable me to use my creative and imaginative abilities when dealing with day to day issues. I enjoy assisting staff to find solutions to both personal and work related issues.




One of the challenges in working at SU is ... learning to speak Afrikaans in an academic environment. It makes one feel like a toddler, but fortunately I have survival tactics and my background helped me to navigate both the language and culture. Having to report to two Chief Directors both directly and functionally can be a bit of a challenge, but I have learned to cope with this requirement. Another challenge is that of balancing the business requirements of the division to the human resources legal compliance – one has to be a business partner while at the same time ensuring that the division complies with human resources policies and procedures.

I may not look athletic but ... in my free time I like running and I have participated in almost all the fun runs and races organised by the University since 2009. I go to the gym at least three times a week and from time to time I also participate in race events around Cape Town. There is also nothing like a glass of good red wine and a home-cooked meal on a Friday evening.

What my colleagues probably don't know about me ... is that I can speak (although not fluently) and understand at least nine official languages – still learning how to speak Afrikaans. When I do dance I dance like no one is watching, I am always at my best behaviour at work, and hence they have never seen my moves. Despite Westernisation, I will never forget my roots; I know how to slaughter a cow and enjoy *umqomboti* (traditional beer).



On a typical work day ... I check my email in the morning when I step into my office and prioritise my work. My day usually comprises of pre-planned meetings and appointments. Due to the nature of my work I have to accommodate unplanned meeting requests or employees who walk into my office for advice on HR issues. I keep myself up to date on issues of national interest.



Photos: STEFAN ELS

KAMPUS klets

Met verwysing na die artikel oor dr Munita Dunn se navorsing oor die Luister-, Leef- en Leerprogram (LLL): Baie geluk met 'n meesterstuk, Munita! Voorwaar iets om op trots te wees. Die US is bevooreg om jou in ons midde te hê. Mag die LLL-inisiatief nog hoër hoogtes bereik. – Benita van Zyl

Well done to all the brave souls who took on the challenge (the Wellness Fun Run/Walk, see page 14). We have a large contingent of staff at Tygerberg campus and I wonder whether we could host a parallel process on our campus – I'm happy to assist with it. – Therese Fish

Baie dankie aan al die rolspeleers vir hierdie goeie inisiatief (die nuwe Fasiliteite-app, sien bladsy 4) wat die lewe nog makliker vir alle US-gebruikers en eksterne kliënte sal maak. – Niven

f Proudly SA stuff with Matie Rijnard van Tonder a magnificent #2 in this global competition (IBM Master the Mainframe). So immensely proud. – Wiida Fourie-Basson

Maties Varsity Rugby team, you gave it your all. Someone has to lose, unfortunately this time around it had to be us. But we'll take it on the chin like men, and come back fighting for it again next year. – Nabeelah Hendricks

t @StellenboschUni, can't wait to arrive at campus in January. :D #futurematie – Roderick Emile Alex

Best practice apparently is #blendedlearning, combining #elearning and #contacttuition – Maties Students @matiesstudents

You are welcome to write to *Kampusnuus*. Send a short letter to kampusnuus@sun.ac.za, fax 021 808 3800 or deliver at Admin B. A pseudonym may be used, provided that you supply your name and email/physical address (not for publication). *Kampusnuus* reserves the right to shorten and edit letters. Comment on our SU Facebook page at www.facebook.com/stellenboschuniversity, or follow us on Twitter ([stellenboschuni](https://twitter.com/stellenboschuni)).

Minister launches new Centre of Excellence

The Minister of Science and Technology, Derek Hanekom, launched the new Centre of Excellence (CoE) in Scientometrics and Science, Technology and Innovation Policy (STI) at SU on Thursday, 3 April.

SU was awarded the opportunity to host the DST-NRF CoE in Scientometrics and STI Policy, bringing to four the number of Centres of Excellence hosted by the University. The other three are for Biomedical Tuberculosis Research, Invasion Biology, and Epidemiological Modelling and Analysis.

Delivering the keynote address, Hanekom welcomed the launch of the Centre remarking that: "This Centre must build on our existing capacity in scientometrics and innovation policy, it must foster additional capacity and take our ability to understand and fine-tune our innovation environment and policy to a new level. In a sense, this new Centre lies right at the heart of the mission of the Department of Science and Technology and the National Research Foundation (NRF)."

Speaking at the launch, the CEO of

the NRF, Dr Albert van Jaarsveld said: "We are confident that this Centre will not only lead to the advancement of knowledge and human capital development, but more importantly it will help to increase the efficiency of our country's use of its knowledge resources."

The DST-NRF CoE in Scientometrics and STI Policy will be housed in the Centre for Research on Evaluation, Science and Technology (CREST). CREST will be the lead host, with the

Tshwane University of Technology co-hosting. The Centre for Higher Education and Transformation and the Centre for Science and Technology Studies of the University of Leiden will be partners.

Prof Eugene Cloete, SU Vice-Rector (Research and Innovation), said, "The award recognises the expertise of Stellenbosch University and is in line with the University's Institutional Intent and Strategy, which aims to identify and focus on areas of research."



Prof Eugene Cloete, SU Vice-Rector (Research and Innovation); Derek Hanekom, Minister of Science and Technology; Prof Johann Mouton, Director of CREST and the new CoE; and Dr Albert van Jaarsveld, CEO of the National Research Foundation at the launch event.

Photo: HENNIE RUDMAN

New Facilities app set to make life on campus easier

A new SU Facilities iPhone and iPad app featuring among others an augmented reality (live) view of the campus surrounds has been launched.

The user's experience when in live view is a combination of his/her surrounds in real time, with indicators of the various campus facilities (sports,

academic and administration buildings) superimposed over the live view.

"The app puts the university in the palm of your hand," explains Chris Munnik, Chief Director: SU Facilities Management. "With the app, staff and students are able to find classrooms, explore buildings and facilities, learn

about campus transport options and report any problems they encounter to Facilities Management's helpdesk.

In the test phase, the application is available at the App Store for iPhone and iPad, with the Android version being rolled out later this year. Search "SU Facilities App" on the App store.

Stellenbosse navorser lei multi-nasionale studie



Prof Hans Strijdom

Prof Hans Strijdom van die Afdeling Geneeskundige Fisiologie is aangewys as projekoördineerder van 'n drie jaar lange, multi-nasionale studie wat die rol van MIV-infeksie en antiretrovirusterapie as risiko-faktore vir hartsiekte ondersoek. Dit was een van slegs 20 aansoeke uit 'n totaal van 124 wat befondsing ontvang van die ERAfrica-program, en is een van twee navorsingsprojekte waarby die US betrokke is.

ERAfrica is deur die Europese Kommissie en verskeie Afrika-lande gestig om samewerking met langtermyn navorsingsprojekte tussen lidlande van die Europese Unie en verbonde Afrika-lande te bewerkstellig. Strijdom en sy navorsingsgenote van Oostenryk, België, Kenia en die Ivoorkus ontvang befondsing van R8 miljoen vir hul navorsingsvoorstel getiteld "Vascular endothelial dysfunction: The putative interface of emerging cardiovascular risk factors affecting populations living with and without HIV in sub-Saharan Africa".

Die hoofdoel van die studie is om vas te stel of daar 'n

verhouding is tussen MIV-infeksie en antiretrovirusterapie en skade aan die liggaam se endoteliele selle (die selle wat die binne-belyning van die bloedvate opmaak).

Skade aan die endoteliele selle word beskou as een van die voorlopers van kardiovaskulêre siektes soos aterosklerose, hartaanvalle en beroerte.

Hierdie studie is die eerste in sy soort wat dié vraag ondersoek in bevolkingsgroepe van drie Afrika-lande.

Prof Gerhard Walzl van die Afdeling Molukulêre Biologie en Mensgenetika gaan die mede-navorser van die menslike studies in Suid-Afrika wees. Die studie begin in Junie 2014.

Personeel dans weer in styl

Gaynor September, 'n administratiewe beampte in die US se Afdeling Finansies, en haar dansmaat Greg Bermosky is Saterdag 12 April as die weners van Dancing in Style 2014 (DIS) gekroon. Hulle is afgerig deur Phillip Titus, voorsitter van die Maties-dansvereniging.

Die formaat van die kompetisie is geskoei op die TV-programme *Strictly come Dancing* en *Dancing with the Stars* waar 'n deelnemer deur die loop van 'n paar weke deur 'n instrukteur geleer word om verskeie dansstyle te bemeester, en dan teen die ander sterre deelneem.

Roelof Baard, senior lektor in Rekeningkunde, en sy dansmaat Kay Eksteen was tweede, terwyl Eloise de Jager, lektor in Finansiële Rekeningkunde, en haar dansmaat Ross Vermeulen derde was. Volgens September het sy vir die kompetisie ingeskryf omdat sy iets buite haar gemaklike wou probeer en was



Samantha Mitchell, komiteelid van Maties Dans; Siyethemba Masikane, 2013 se wenmaat; Greg Bermosky, 2014 se wenmaat; Gaynor September, 2014 se personeelwenner; Phillip Titus, voorsitter van Maties Dans; en Wena van der Merwe, 2013 se personeelwenner.

die ervaring beslis die moeite werd.

Uit die vier danse wat sy moes leer – wals, boogie, mambo en cha-cha – het sy die boogie die meeste geniet.

Haar voete het begin jeuk toe sy verlede jaar se DIS-gala-aand bygewoon het om 'n kollega te ondersteun. Self

wil sy graag aanhou dans.

Noudat die kompetisie verby is, sal sy haar dansskoene vir tekkies verruil en weer aansluit by die Welwees-stapgroep wat sy noodgedwonge moes afskep terwyl sy vir die kompetisie voorberei het.

Akademie vereer verskeie US-akademics

Die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns bekroon vanjaar weer 'n hele aantal kundiges verbonde aan die US.

Die US-bekroondes sluit in prof Marlene van Niekerk aan wie die Hertzogprys vir Poësie toegeken word vir haar bundel *Kaar*.

Ander bekroondes is: Prof Terry Robinson van die Departement Plant- en Dierkunde (Havengaprys vir Lewenswetenskappe); Prof Marena Manley van die Departement Voedselwetenskap (Erepenning van die Fakulteit Natuurwetenskap en

Tegnologie); proff Jacques du Plessis en Gerhard Lubbe (Toon van den Heever-prys vir Regswetenskap); Prof GB Theron, hoof van die Departement Verloskunde en Ginekologie (Albert Strating-prys vir voorkomende geneeskunde); prof Christo Viljoen van Stellenbosch (DF du Toit-Malherbe-prys vir Genealogiese Navorsing); en Lobke Steyn, verbonde aan die Departement van Landbou, Wes-Kaap, Elsenburg en oud-student van die US (Junior Kaptein Scott-gedenkmedalje – Dierkundige Wetenskappe). 'n Spesiale oorkonde word toegeken aan prof Dorothea van

Zyl vir haar groot bydrae sedert 1999 as organiseerder van die US Woordfees en vir haar kundigheid wat sy op talle gebiede aan die SA Akademie beskikbaar stel.

Prof Eugene Cloete, Viserektor (Navorsing en Innovasie), het die US-ontvangers van toekennings geluggewens. "Die US het hom al as navorsingsleier onderskei en sy reputasie as toonaangewende akademiese instansie word net verder beklemtoon wanneer sy akademici só vereer word. Baie geluk met hierdie welverdiende prestasie."

Ek sit hier by die Seboka en bekijk my naamkaartjie en besef net weereens hoe gelukkig ons by die US is om so 'n wonderlike diensverskaffer soos SUN MeDIA op kampus te hê. Op die nippertjie ruk julle altyd 'n haas uit die hoed en kom BETYDS met die heel mooiste en netjiese produkte vorendag. Baie dankie, julle is weners!

Groete,
Martie van der Linde
Hoof Funksies en Skakeling

Thanks again for the brilliant service today. And thank you for always accommodating my short notice. After I picked up the reports on my way to present it to my client, I just felt very grateful for SUN MeDIA in my life!

Thanks guys!
Burgert Kirsten
PLAYING MANTIS

WINTER SPECIAL

16 piece Tuna & Salmon Platter with a bottle of Ernst Gouws & Co Chardonnay **R255**

PRIZE: A voucher of R 300 for Wakens + any 2 bottles of wine from our portfolio.

#wakarnewafu @ernstgouws_wine

ERNST GOUWS & CO

AfricanSunMedia

@AfricanSunMedia

imPRESSive | inDRUKwekkend

www.africansunmedia.co.za
asmclientservices@sun.ac.za

HOPE@Maties-sentrum op Genadendal ingewy

Genadendal het begin April sy deure wyd oopgegooi vir meer as 80 Graad 12-leerders van skole in Kaapstad, die Boland en die Overberg wat vir die eerste keer 'n vakansieskool by die nuwe HOPE@Maties-sentrum daar bygewoon het.

Die US se HOPE@Maties-program is 'n skolevennootskapprojek wat bestuur word deur die US se Sentrum vir Pedagogie (SUNSEP) en waardeur leerders vanuit tien geografiese klusters Saterdag- of vakansieskole bywoon.

In hierdie program kry Graad 12-leerders wat in Graad 11 'n gemiddelde persentasie van 70% behaal het die geleentheid om ekstra onderrig by van die beste onderwysers in die omgewing te ontvang.

Leerders van skole soos Bernadino Heights Sekondêre Skool (Kraaifontein), Rhodes High (Mowbray), Klein Nederburg Sekondêr (Paarl) en Hoërskool Lückhoff (Stellenbosch) het die vakansieskool bygewoon. Hulle het

in die koshuis van Emil Weder Sekondêre Skool tuisgegaan en van soggens vroeg onderrig in Wiskunde, Fisiese Wetenskappe en Rekeningkunde ontvang.

Die gebruik van die sentrum is Donderdag 3 April by 'n spesiale geleentheid in die Morawiese Kerk op Genadendal gevier: Die US-rektor, prof Russel Botman, en verteenwoordigers van verskillende afdelings van die US, die Wes-Kaapse Onderwysdepartement, die plaaslike gemeenskap en die Morawiese kerk het die geleentheid bygewoon.

"Julle is op die regte plek. Genadendal is die bakermat van opvoedkunde in Suid-Afrika," het eerwaarde Chris Wessels van die Morawiese kerk gesê.

Dié dorp het die eerste opleidingsentrum vir onderwysers in die land gehuisves.



Dr Trevor van Louw (links), direkteur van SUNCEP, en Lynthon Jacobs, projekkooördineerder, saam met van die HOPE@Maties-leerders in Genadendal.

Foto: PIA NÄNNY

Botman het die Genadendal-sentrum beskryf as HOPE@Maties se grootste sentrum van uitnemendheid.

Hy het die leerders bedank vir hul bereidwilligheid om hul tyd aan hul studies te wy en dat hulle dit vir die universiteit moontlik maak om hulle te ondersteun.

SU's media relations effort scoops prestigious award

Stellenbosch University's media relations efforts for 2013 scooped a Gold Award at the annual PRISM Awards held recently.

The awards, made by the Public Relations Institute of Southern Africa (PRISA), recognise excellence in public relations and communication management and are the pre-eminent accolade for communications practice in South Africa.

Ogilvy PR Cape Town (OPR Cape Town), the University's communications partner, received the award after entering the University in the Media

Relations category. In this particular category, it was only the University/OPR Cape Town entry that received gold. Other campaigns entered in the same category included those from Nokia, Virgin Active SA, Bidvest, Kumba Iron Ore, Safair and Jet Stores.

Public relations agencies across South Africa submitted entries across more than 20 categories for campaign work undertaken for clients.

"We are most pleased by the award which serves as confirmation of the University's increased success in the media," says Mohamed Shaikh, Senior

Director: Communication and Liaison.

Themed "A big leap in positive pro-active exposure for Stellenbosch", the entry highlighted the fact that of an already significantly high base, OPR Cape Town managed to double both value and volume of pro-active PR exposure for the University during 2013. In achieving over R30 million in terms of AVE (the advertising value equivalent) for SU, OPR Cape Town negotiated an astonishing 385 thought-leadership articles during the year, across 71 different topics, involving all ten faculties.

Solar energy research boosted

South Africa's renewable energy research capacity has been bolstered through the establishment of the Scatec Solar Chair in Photovoltaic (PV) Systems at SU.

The Chair is supported by Norwegian global solar energy provider Scatec Solar, which is the first company to supply electricity to South Africa's national grid under the country's Renewable Energy Independent Power Producer Programme (REIPPPP).

Scatec Solar recently signed a contract with SU to establish the new Chair, which will enable the University to expand its leading role in renewable energy research in South Africa.

SU's Centre for Renewable and Sustainable Energy Studies, with Prof Wikus van Niekerk as director, and a number of departments work together in such fields as solar thermal energy, bio-fuels, wind turbine technology and ocean energy.

Military Sciences to host continental conference

The Faculty of Military Sciences' School for Organisation and Resource Management has been elected to host the fourth African Accounting and Finance Association (AAFA) conference from 3 to 4 September 2014 at the Lord Charles Hotel, Somerset West.

The AAFA is a high profile continental body and its continued success is a clear example of the growth of Africa as a factor in the global economic and financial environment. Very successful conferences were held in Ghana (2011), Nigeria (2012) and Uganda (2013) and attended by 500 plus delegates across the African

continent and the globe.

The AAFA aims to provide a platform for academics, practitioners and graduate students from different parts of the continent and the rest of the accounting and finance community worldwide to debate the role of accounting, finance, auditing, corporate governance and other related fields in Africa.

The 2014 chapter of the AAFA Emerging Scholars' Colloquium will take place at University of Cape Town on 2 September 2014.

The colloquium enables emerging researchers (doctoral and MPhil

students) to present work-in-progress and receive in-depth feedback from leading researchers in the field and network with their peers and representative institutions.

Full papers conforming to submission criteria must be submitted electronically to: dandre@ma2.sun.ac.za or rooms@ma2.sun.ac.za (and copied to conference@aafassociation.com), no later than 31 May 2014. All submissions will be peer reviewed.

For more information phone 022 702 31 37/31 36; e-mail dandre@ma2.sun.ac.za or rooms@ma2.sun.ac.za, or visit www.aafassociation.com

Maties vier 20 jaar van demokrasie

Die Universiteit Stellenbosch vier Suid-Afrika se demokrasie en vryheid op 14 en 15 Mei.

Die tema is "20YD: The story continues".

Die viering sal fokus op die belang van storievertelling en die realiteit van 'n verskeidenheid perspektiewe, veral tussen verskillende generasie, oor beide die geskiedenis én die toekoms van ons demokrasie.

Vir die geleentheid sal 'n tentoonstelling van kurrikulumprojekte

met visuele kuns en interaktiewe openbare kunswerke gehou word. Daarby word 'n uitstalling van verbanne boeke, 'n filmfees, 'n satiriese blik op demokrasie deur Evita Bezuidenhoudt, asook die briewe-uitstalling *Dear Mr Mandela ... Dear Mrs Parks* gehou.

Die verskillende geleenthede op die program sal regoor die kampus plaasvind.

Die US se Eenheid vir Inklusiwiteit reël die viering, en wil deur die program onder meer die verskeidenheid

stories oor demokrasie aan die US beklemtoon, die historiese konteks van voor-1994 Suid-Afrika in perspektief stel, en die boodskap oordra van die individuele en gedeelde institusionele verantwoordelikheid by die US vir die beskerming van Suid-Afrika se demokrasie.

Die volledige program sal gedurende Mei op die US se webblad bekend gemaak word.

Vir meer besonderhede kontak Monica du Toit by mdt2@sun.ac.za.

New centre focuses on health systems research

The Centre for Health Systems and Services Research and Development (CHSSRD) was established at the Faculty of Medicine and Health Sciences (FMHS) in March. The aim of the Centre is to provide a shared service and academic platform for health systems and services research and development within the FMHS and other faculties at SU.

The Centre is headed by Prof Lilian Dudley, and although it is based within the Division of Community Health, it is a multidisciplinary entity that includes epidemiologists, public health specialists, social scientists and health economists with varied backgrounds including medicine, nursing, occupational therapy, psychology, economics and social anthropology. Within the faculty the CHSSRD is partnering with the Unit for Research on Health and Society,

the Unit for Infection Prevention and Control, the Centre for Evidence Based Health Care and the Desmond Tutu TB Centre. Partnerships with other faculties include the Faculty of Economic and Management Sciences, the Faculty of Arts and Social Sciences, the Business School and School of Public Leadership. The need for health systems and services research arose from health systems failing to address the health needs of populations, which is often caused by a



Profs Usuf Chikhe (Head: FMHS Department of Interdisciplinary Health Sciences); Nico Gey van Pittius (FMHS Deputy Dean: Research); Lilian Dudley (CHSSRD), Nulda Beyers (DTTC), Richard Lilford (Chair in Public Health, University of Warwick) and Jimmy Volmink (FMHS Dean) were at the launch.

lack of evidence or health information that can inform priority setting, resource allocation and decision-making in the health sector. "The greatest weakness in SA's health system is in the implementation of policy and delivery of health care," says Dudley.

SU Ethics Line

Report all unethical practices at SU:

Tel: 0800 204 549

Fax: 0800 00 77 88

Email: sun@ethics-line.com

Post: Deloitte Tip-offs Anonymous, KZN 138, Umhlanga Rocks, 4320

Website: www.tip-offs.com

Staatmakers tree af

Twee groot staatmakers van die US lê die tuig neer: Maureen Cadman van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe tree ná 25 jaar af, terwyl Jannie Barnard van die Departement Chemiese Ingenieurswese ná 38 jaar 'n welverdiende aftrede neem.

MAUREEN CADMAN

Toe Maureen Cadman van die Fakulteit Lettere en Sosiale Wetenskappe haar kombuisdeur finaal toetrek op 30 April, is dit nie net haar smullekker toebroodjies (boonop teen 'n spotgoedkoop prys!) wat almal gaan mis nie, maar die mense-mens wat elkeen soos 'n vriend behandel het.

Cadman het op 1 Julie 1988 by die US aangesluit en as skoonmaker bedags by Eendrag-koshuis gewerk, waar sy ook in die koshuiskombuis gehelp het met die voorbereiding van etes vir Goldfields-koshuis. Laasgenoemde het nie destyds kombuisgeriewe gehad nie.

In 1996 het Cadman by die Fakulteit aangesluit, waar sy verantwoordelik was vir die skoonmaak van die lesingsale en toilette op die tweede vloer. 'n Jaar later het sy as skoonmaker op die vierde vloer begin werk, waar sy verantwoordelik was vir die opwas van skottelgoed en die skoonmaak van die kantore, gange, trappe, teekamer, kombuis en badkamers.

"Ek het aanvanklik by Mr Price in die Strand gewerk, maar wou baie graag op my tuisdorp werk. Ek het regtig nie omgee om as skoonmaker te werk nie. Dit is hoe ek hier beland het. Dit is 'n geleentheid waarvoor ek baie dankbaar is," vertel Cadman.

"Die afgelope 25 jaar het ek elke dag uitgesien om werk toe te kom. Ek het altyd vroeg opgestaan sodat ek vroeg hier kon wees en vroeg kon begin om alles klaar te maak. Ek het dit baie geniet en het altyd met 'n positiewe gemoed werk toe gekom."

In 1999 het Cadman op eie inisiatief 'n snoepie op die vierde vloer begin.

"Die rede hiervoor was om dit makliker vir personeel te maak om iets te ete te kry sonder om ver te stap. Van die verkoop van die pasteie en die samoosas kon ons ook 'n jaar later 'n yskas en 'n mikrogolf oond koop."

In 2008 het Cadman haar lekker broodjies, wat elke dag soos soetkoek verkoop, begin maak. Die broodjies is so gewild dat personelede elke dag bestellings plaas om seker te maak dat hulle 'n broodjie kry.

Cadman sê sy het nog nie mooi gedink oor wat sy nou ná haar aftrede gaan doen nie, maar sy weet sy gaan veral die mense baie mis.

"Ek is 'n mense-mens en die mense hier lê my baie na aan die hart," sê Cadman soos die trane opdam. "Dit, en ook die opmaak van die toebroodjies, was vir my lekker. Ek gaan dit mis."

Dan voeg sy by: "Ek wil ook net baie dankie sê aan almal wat my ondersteun het met die snoepie en my toebroodjies gekoop het. Ek het goeie verhoudinge opgebou met die personeel asook die studente. Dit sal beslis baie gemis word." – LYNNE RIPPENAAR-MOSES

Departement Chemiese/Metallurgiese Ingenieurswese aangestel. In 1985 is hy tot hoofmeganikus bevorder, en vanaf 1988 was hy verantwoordelik vir die bestuur van die werkwinkel asook die vervaardiging, oprigting en installering van toerusting en apparate vir laboratoria, finalejaarskripsies en navorsingsprojekte.

By sy afskeidsgeselligheid op 25 Maart het die voorsitter van die

Departement Prosesingenieurswese, prof André Burger, gesê: "Dis soos 'n broer wat die huis verlaat. Daar is nie 'n laboratorium in die Departement wat nie Jannie se vingerafdrukke bevat nie. Ons het die gerief gehad dat studente in die werkwinkel kon instap en 'n paar lyne trek, en Jannie sal dit verder neem en die toerusting vervaardig. Sy bydrae was groot."

"Dis soos 'n broer wat die huis verlaat. Daar is nie 'n laboratorium in die Departement wat nie Jannie se vingerafdrukke bevat nie. Sy bydrae was groot."

Die dekaan van die Fakulteit Ingenieurswese, prof Hansie Knoetze, wat baie jare saam met Barnard gewerk het, het hom ook geprys.

"As jy iets netjies met fyn toleransies vervaardig wou hê, gaan jy na Jannie om dit te doen. Sy werk en sy vakmanskap was sy trots. Hy kon iets uitstekend vervaardig uit die soms gebrekkige idees en sketsies wat studente na hom gebring het."

Toe Barnard van sy kollegas afskeid geneem het, het hy gesê: "Dankie Universiteit Stellenbosch! Dit was 'n eer, en lekker en leersaam om hier te werk. Ek het by die beste van die beses geleer. Hier het ek veilig gevoel." – LIESEL KOCH



Jannie Barnard by die afskeidsgeselligheid saam met sy vrou, Ros.

'n Plan wat wêrk

Herwinning van afval word al hoe beter en groter by die Universiteit Stellenbosch. KAMPUSNUUS berig oor die jongste syfers en hoe die herwinningsprogramme vorder.

Uitstekende vordering is gemaak met die herwinning van afval sedert die US sy afvalbestuursprogram in 2012 in volle werking gestel het. En danksy deeglike beplanning en goeie samewerking lyk dit asof die Universiteit se herwinningsyfer vanjaar selfs nuwe hoogtes gaan bereik.

Die herwinning van algemene afval op die Stellenbosch-kampus het van 18% in 2012 aansienlik gestyg tot 65% in 2013. Vanjaar is die doelwit om 100% van die kampus se afval te sorteer en 80% daarvan te herwin, wat beteken slegs 20% van die totale afval sal na die munisipale stortingsterrein gestuur word.

"Die eerste twee selle van die Stellenbosch Munisipaliteit se stortingsterrein het reeds hul limiet bereik en is gesluit," sê John de Wet, wat aan die stuur is van die Universiteit se herwinningsprogram.

"Die munisipaliteit het onlangs die laaste beskikbare sel in Stellenbosch oopgemaak en daar word geraam dat hierdie sel slegs vir die volgende drie jaar plek sal hê vir afvalstorting. Dit beteken dat ons ná die volgende drie jaar van stortingsterreine ver buite die Stellenbosch-area gebruik sal moet maak, wat koste aansienlik sal verhoog."

Danksy groter bewusmaking, die oprig van die regte infrastruktuur en goeie samewerking van die studente en personeel, is De Wet egter positief dat die US sy herwinningsdoelwitte gaan bereik en al hoe minder afval na die stortingsterrein sal stuur.

"Verskeie bewusmakingsprogramme en -kompetisies is van stapel gestuur om studente aan te moedig om te herwin," sê De Wet. Hy voeg by dat die toenemende positiewe bydrae van studente grootliks tot die sukses van die kampus se herwinningsveldtog bydra.

Die afval wat vir herwinning gesorteer word, sluit alle algemene afval in, waaronder ook voedselafval van kombuise en tuinafval van die drie kampusse.

Van die maniere waarop afval



John De Wet by van die herwinningsdromme.

hergebruik word, sluit die volgende in:

- Bokashi-poeier word gebruik om afvalkos van kombuise te behandel. Dit word vir 14 dae gefermenteer en dan op 'n komposaanleg gegooi. Dié kompos word in die tuine en op die Welgevallen-proefplaas vir die kweek van groente gebruik. In 2013 is bykans 103 ton voedselafval asook 44 ton groenafval (blare, takkies en gras) bymekaargemaak. In totaal is dit byna 147 ton materiaal vir kompostering.
- Afvalkos word vir vliegglarwes op die Mariendahl-proefplaas gevoer wat uiteindelik tot veevoer verwerk word. Op die oomblik word 14 ton van dié proteïenbron per jaar geproduseer.

- Op die Tygerberg-kampus gaan groen voedselafval na 'n wurmplaas. Volgens De Wet verorber die wurms 834kg van die groen voedselafval per jaar en word 316 liter wurmtée geproduseer. Die wurmtée word verdun en op die kampustuine se plante en bome toegedien.

Volgens De Wet word ander afval, soos e-afval, vleisafval, biologiese, en asbesafval, op die regte manier van ontslae geraak om so min as moontlik skade vir die omgewing of mense in te hou.

782 146 kg
Totale afval gesorteer
vir herwinning
in 2013



Maureen Cadman (derde van links) by die afskeidfunksie wat die Fakulteit vir haar gereël het. Saam met haar van links is Basil van Wyk, administratiewe beampte en Cadman se lynhoof, Antoinette Kritzinger, sekretaresse in die Dekaaanskantoor, en die dekaan, Prof Johan Hattingh.

Foto: ANTON JORDAAN

JANNIE BARNARD

"Dis pype net waar jy kyk – pype wat kom en pype wat gaan. Waarheen op aarde lei al hierdie pype?"

Dís wat Jannie Barnard gewonder het toe hy die Departement Chemiese Ingenieurswese die eerste maal betree het. "Ek is 'n gebore meganikus en was eers baie verward toe ek al die pype in 1983 hier teëgekomp het."

Maar hy het gou sy voete gevind en oor die jare diep spore daar getrap. Ná 38 jaar diens het Barnard einde Maart afgetree.

Hy het in 1974 sy vakleerlingskap by Bruply, die plaaslike saagmeule, voltooi. In 1976 is hy by die werkwinkel van die Departement Meganiese Ingenieurswese aangestel waar hy sewe jaar gewerk het. In 1983 is hy as senior meganikus in die

Tackling staff issues

The Maties Staff Forum (MSF), currently the only in-house trade union at Stellenbosch University, was recently established to serve as a vehicle through which staff can raise their concerns and which will aim to protect the interests of staff members. KAMPUSNUUS reports.

In January, the Maties Staff Forum (MSF) was established with the aim to address what it calls "increased frustration amongst staff at all levels". It currently represents over 220 members, according to a press release.

Dr Sadulla Karjiker was elected as the first president of MSF, and is supported by Lazelle Bonthuys (vice-president), Shirle Cornelissen (secretary), Le Roux Burrows (treasurer) and Prof Catherine du Toit, Eric Levéel, Prof Thys de Wet, and Prof Lize van Robbroeck on the executive committee. In addition, Ettienne Lategan, Eben Shields and Prof Keith Dietrich have agreed to assist the executive committee.

Maties Staff Forum positions itself as an independent, University-specific trade union, and not affiliated to any political party or other trade union.

Although there are other (external) trade unions who represent University staff members, MSF is currently the only University-specific in-house trade union at SU.

According to Karjiker, staff members at SU do not have a vehicle through which their concerns can be addressed and their interests protected in a coordinated manner: "This has led to staff feeling disenfranchised, a feeling which is only compounded when decisions are made that affect them adversely. For example, the manner in which the allocation of faculty budgets is dealt with, and the effect cuts in these budgets had on teaching activities at the start of the academic year in 2014," Karjiker said.

MSF is open to all staff members employed by the University, whether they may be engaged in academic teaching or research, administrative, technical, or other support positions.

It positions itself as an independent, University-specific trade union, and not affiliated to any political party or other trade union.

Staff may become members of MSF while also being members of other trade unions or staff associations operating at the University. MSF is in the process of procuring the registration of MSF with the Department of Labour, according to the press release.

Karjiker said MSF hopes to attract a sufficient number of staff members to, at least, attain a level of representation that will allow it to exercise organisational rights under labour law.

"While these organisational rights are important to ensure that the rights of staff members are not infringed, we want to achieve a status that will allow us to demand collective bargaining rights – negotiate issues on behalf of staff relating to their terms and conditions of employment and salaries," Karjiker said.

According to him, MSF has to be a sufficiently representative trade union, "which no other trade union within

the University has yet managed to achieve for various reasons", in order to demand collective bargaining rights.

Initially, MSF will focus on collective bargaining aspects of the employment relationship. Karjiker says MSF does not have any funds at present and is therefore currently unable to provide a comprehensive service, such as free legal representation or the provision of lawyers to assist members in the case

"We want to achieve a status that will allow us to demand collective bargaining rights – negotiate issues on behalf of staff relating to their terms and conditions of employment."

of individual dismissals or unfair labour practices. For this reason, MSF allows members to retain membership of any trade unions that offer such benefits.

"For us, it is indeed encouraging that MSF has already attracted over 220 members, even before the concerted membership drive upon which we will soon be embarking", Karjiker said.



Some of the initial executive committee members of MSF are (from left to right) Prof Lize van Robbroeck, Dr Sadulla Karjiker, Ettienne Lategan, Lazelle Bonthuys, Prof Thys de Wet, and Shirle Cornelissen.

Paddling for health

In May, two professors of Stellenbosch University will set off to Malaysia to participate in the Malaysia International Dragon Boat Championship and IDBF Cancer Survivors Championship. KAMPUSNUUS caught up with them before they took on the challenge.

For many survivors of cancer, surviving the disease itself is the biggest challenge of their life. And one would think they will shy away from other challenges – but not the amaBele Belles, South Africa's dragon boat racing team consisting of women who have survived breast cancer. They took on another big challenge to show the world that cancer survivors can live healthy lives.

As part of the amaBele Belles team, Prof Maureen Robinson, Dean of the Faculty of Education, and Prof Eileen van Helden of the Division of Molecular Biology and Human Genetics in the Faculty of Medicine and Health Sciences at the Tygerberg campus will participate in the International and Cancer Survivors Dragon Boat Championship in Malaysia at the end of May.

Robinson and Van Helden will participate as part of the South African team in this international event, which is hosted this year by the Malaysia Dragon Boat Association at Putrajaya and Malacca in Malaysia.

The amaBele Belles team took to the water for the first time on 6 April 2006, joining paddlers from the Paddlesnappers and Mujaji clubs in the Cape Town Waterfront.

According to their website, the Belles' mission is "to introduce breast cancer survivors to the sport of dragon boat racing with the aim of improving their general physical fitness and psychological well-being in so aiding their recovery".

The team was started to show that "physical activity and a vibrant life exist after cancer" and their aim is to be a support group for survivors of breast cancer.

"At the time I joined in 2006, after I finished all my treatment, the Belles were the only breast cancer survivor dragon boat paddling team in Africa. Before that, I had never heard of dragon boating or thought of joining another team, of which there are quite a few in Cape Town," says Van Helden.



The amaBele Belles dragon boat racing team in action.

Robinson says she joined the team three years ago because she loves being in or close to water: "This, coupled with the beautiful surroundings of the Waterfront and the friendly team spirit makes the sport perfect for me."

When she joined the team it was the first time she had paddled. "The challenge is that one needs to go regularly to be able to keep up as it is physically demanding. But there is a fun part: the thrill of gliding through the water and the feeling that mind, body and the environment are one. This is even better when the boat is surrounded by seals gambolling about," Robinson adds.

Van Helden too had never done much watersport, but had paddled a canoe occasionally. "Dragon boat paddling is a different stroke from other types of paddling and the best is that it is a team sport."

The two professors did not only join because they thought they needed some exercise. The team, in fact, provides them with a support group in which members share a life experience but now has a new goal in sight.

"It is an inspiration to be with a group of women who, despite the fact that they have all experienced trauma,



Profs Maureen Robinson and Eileen van Helden at a practice session with the amaBele Belles team.

are so feisty and full of fun. We never criticise each other, but work together to get the best out of everyone," Robinson says.

Van Helden agrees, and has since come to enjoy this sport. "At the beginning it was good to have the support group capacity of the team, but over the years I have become hooked, and it is the sports side that I enjoy most. It is both cardiovascular and strength training, and all in the fresh air, with a view of Table Mountain," she says.

Woordfees wys 2014-wenners aan

Die vyftiende US Woordfees se topproduksies, kunstenaars en skrywers is op Maandag 14 April by die vyfde WOORDtroFEES aangewys. Die geleentheid is op die spogplaas L'Avenir buite Stellenbosch gehou.

Die fees het vanjaar nie net puik aanbiedings gehad nie, maar het ook 'n groei in die kaartjieverkope en feesbywoning getoon.

Vanjaar het die Woordfees ook afskeid geneem van die stigtersdirekteur wat die afgelope 15 feeste saamgestel het, prof Dorothea van Zyl.

By die WOORDtroFEES-geleentheid het Gerrie Lemmer, hoofbestuurder: ATKV-projekte, die gaste verwelkom voordat die wenners aangekondig is. Kim Cloete was die seremoniemeester en Schalk Joubert het musiekvermaak verskaf.

Die Woordtrofee vir die beste debuutskrywer het gegaan aan Lindie Koorts vir haar boek *DF Malan en die opkoms van Afrikaner-Nasionalisme* (NB-Uitgewers).

Die trofee vir 'n gevestigde skrywer is toegeken aan Marié Heese vir *Vuurklip en Karoo-Kantate* (NB-Uitgewers).

Die beste kunsuitstalling op die US Woordfees was *Magicus* in D-Street (kurator: D-Street Galery in samewerking met Elizabeth Miller-Vermeulen), terwyl die prys vir die beste klassieke musiekproduksie aan *Liebrecht Vanbeckevoort* gegaan het.

Die sangeres **Laurika Rauch** en haar orkes het die trofee vir



Lindie Koorts

Foto: TESSA LOUW

beste kontemporêre musiekproduksie verower.

Vanjaar se Uitskieter-dramaprys is aan **Stephanie Gericke** vir haar spel in *Melusine van Arcadia* toegeken.

Wie's Bang vir Virginia Woolf, waarin Sandra Prinsloo en Marius Weyers speel, is aangewys as die beste dramaproduksie. **Saartjie Botha**, wat die stuk vertaal het, het die trofee namens die geselskap ontvang.

Pryse vir bydraes tot die US Woordfees se WOW-projek is ook toegeken. Die Sekondêre Skool Scottsdene in Kraaifontein het die prys vir uitsonderlike bydrae tot die bevordering van Afrikaans ontvang.

Die WOW- individuele prys vir die bevordering van Afrikaans in die gemeenskap het gegaan aan Sabina Dumas van die Sekondêre Skool New Orleans in die Paarl.

Die US Woordfees word in 2015 van Vrydag 6 tot Sondag 15 Maart op Stellenbosch gehou.

Etenstyd

As jy op soek is na 'n heerlike hamburger vir middagete, sal jy nooit sonder opsies wees in Stellenbosch nie. Die Eikestad het 'n hele aantal restaurante wat smaaklike hamburgers bedien – dis dikwels moeilik om te besluit watter een jou gunsteling is.

Aprés is een van daardie restaurante wat van die beste hamburgers op die dorp voorsit. Dié restaurant is geleë op die hoek van Bird- en Kerkstraat, en daar is 'n stoep vanwaar jy die straatlewe van die dorp oor middagete kan betrag.

Hamburgers is nie Aprés se enigste voorslag-dis nie, maar dit is beslis 'n goeie opsie as jy daar vir ete aandoen. Jy kan 'n hoeder- of biefburger kies wat saam met interessante bykomstighede soos gekaramelliseerde uie, bosbessies en 'n verskeidenheid kase kom.

Onder die ander disse wat Aprés bedien, is daar vis en skyfies, slaai en dan vir die soettande lekker nagereg.

Aprés se ligging maak dit boonop 'n goeie bestemming vir jou volgende middagete.



Lees

Wees op jou hoede vir kwaksalwers en gesondheidsbedrieërs wat met allerlei slimpraatjies en onwetenskaplike aansprake jou baie geld uit die sak kan jaag en selfs jou lewe in gevaar kan stel.

Só waarsku die bekende wetenskapjoernalis en dosent, prof George Claassen, in sy nuwe boek *Kwakke, Kwinte en Kwale: Hoe 'n onsinverklikker jôu lewe kan red*, wat deur Xlibris uitgegee word. Claassen is professor in wetenskapjoernalistiek en media-etiek aan die US.

Die bekendstelling van sy jongste boek was op Saterdag 5 April by Protea Boekhuis.

This month, enjoy some brass music, read an enlightening book, or have some lunch in the centre of Stellenbosch. Harmonic Brass from Germany plays in the Ender Hall, Aprés serves up a mean burger, and Prof George Claassen launches his latest book. Here are the details.

Listen

The German brass quintet Harmonic Brass will perform as part of the Ender Concert Series in Stellenbosch while on their tour of South Africa.

Harmonic Brass, who hails from Munich in Germany, will be on stage at the Ender Hall of the SU Conservatoire on Sunday, 11 May.

The group has been performing since 1991 and is renowned for their elegant brass sound.

The five instrumentalists have performed across the world in prestigious halls such as New York's Carnegie Hall, the Seoul Arts Centre and the Leipzig Gewandhaus.

They travel around the globe and play in almost 120 concerts per year with various programmes.

The ensemble plays music in different styles – from the baroque to contemporary works – and they have gained a large number of fans from across the world.

Since 2000, Harmonic Brass

has been an international cultural ambassador for the Goethe Institute, and the musicians also hold

numerous international workshops. The five musicians are Hans Zellner (trumpeter since 1997), Gergely Lukács (trumpeter since 2008), Andreas Binder (horn player since 1992), Thomas Lux (trombonist since 2004) and Manfred Häberlein (tuba player since 1991).

Born in 1968 in Straubing, Zellner studied at the Richard-Strauss-Conservatory Munich as well as at the Hochschule für Musik und Theater in Munich.

Lukács was born in Budapest in 1980, and studied at the Franz Liszt Music Academy and with Prof Reinhold Friedrich at the Musikhochschule Karlsruhe.



Binder, born in 1969 in Rosenheim, was a student of Profs Siegfried Hammer and Wolfgang Gaag at the Hochschule für Musik und Theater in Munich.

Lux studied at the Staatliche Hochschule für Musik und Darstellende Kunst in Mannheim, while Häberlein was a student at the Meistersinger-Conservatory in Nuremberg and at the Richard-Strauss-Conservatory in Munich.

Harmonic Brass performs at 16:30 on 11 May.

Tickets are available from Computicket or at the door. Phone 021 808 2358 for more information.


Kyk 'n video oor
Woordfees 2014 by
[http://youtu.be/
AnViUnbW7N4](http://youtu.be/AnViUnbW7N4).

“Die wetenskap raak ons ten nouste en hoewel dit met onsekerhede werk, is dit steeds die betroubaarste metode om te weet wat reg is.”

En hoe ontmasker ons kwaksalwers? Deur aktiewe burgers te word en klagtes te lê by regulatoriese liggame soos die Gesagsowerheid vir Reklamestandaarde, het Claassen gesê.

Die bekroonde wetenskapjoernalis van *Die Burger* en Media24, Elsabé Brits, het as gesprekkeleier opgetree en gesê Claassen se boek is beslis iets wat 'n mens op jou rak moet hê.

Dit is 'n vinnige handleiding om te onderskei tussen kwakke en wat waar is, het sy bygevoeg. – ALEC BASSON



Wellness to the next level

Health and wellness in the workplace are becoming increasingly important for staff members of Stellenbosch University. ILSE ARENDSE spoke to Maureen Kennedy, Head: Staff Wellness.

It seems SU staff members are taking their health and overall wellbeing to heart, judging by the increased participation in wellness activities as well as the number of staff members coming up with added initiatives in their various environments, says Maureen Kennedy, Head: Staff Wellness.

"The Wellness Programme, which was started in 2008, is slowly but surely starting to make a difference. Our annual health days, fun run/walk as well as the support and advisory services have seen an increase in participation, especially the support services, which includes the Employee Assistance Programme (EAP). This has shown the most significant growth over the past three years as more personnel make use of the services," says Kennedy.

Programmes offered by the Wellness Division include health and wellness information lunch-hour talks, personal development programmes (life skills training like stress management and relationship building), annual health screenings, EAP for counselling and support, screening and health campaigns in collaboration with internal partners like the Campus Health Clinic where the focus is on prevention, a walking/running programme and the institutional events like the fun run/walk and sports day.

"The sports day was offered for the first time in 2013 and was a huge success," Kennedy adds. "A total of 536 staff members took part in various sporting activities which included a 5km walk, soccer penalty and netball shootouts and a treasure hunt."

So are there any new plans in the pipeline? "We definitely plan on expanding last year's successful sports day. However, our overall aim is to create a wellness-competent working environment. To achieve this, we need the various faculties, departments and divisions to come up with their own wellness initiatives which incorporate their specific needs," says Kennedy.

"We want to get staff to become wellness champions in their own environments here at the University. Staff members

at the JS Gerike Library and the Faculty of Medicine and Health Sciences (FMHS) are leading the way with their initiatives and the Faculty of Engineering will soon be following in their footsteps.

"We urge all environments to take up the challenge of implementing wellness initiatives specific to their needs with the help, guidance and assistance of Human Resources: Wellness," adds Kennedy.

• If you would like to join the ranks of SU's wellness champions, contact Kennedy or visit <http://wellness.getgiddyup.com/> for all the wellness events.

Running for fun

Almost 160 SU staff members and students braved the sweltering heat on Thursday, 10 April to participate in the annual Fun Run/Walk.

This event has been hosted annually in Stellenbosch by SU's Wellness division since 2012. It follows a 5km route through the town which starts and ends at the SU Conservatoire.

This year's winner was Brandon Como, a manager in the Division Student Structures and Communities. His time was 22m 21s.

"If it wasn't for Nicky (Fransman, who came second), I might not have won. He encouraged me along the way. I run regularly and follow a healthy lifestyle. This was a wonderful race," said Como after the event.

The first woman to cross the finish line was Carien Coetzee of the Department of Viticulture and Oenology.

"I run regularly and recently completed the 10km Spar race. SU's race was enjoyable, especially spending time and getting to know staff members from across the campus," she said.

Watch a video of the 2014 Fun Run/Walk at <http://youtu.be/V-q176EIQzM>.



The 2014 Fun Run/Walk started at the SU Conservatoire. Photo: JUSTIN ALBERTS

Van dekaan tot student

Ná elf jaar as dekaan van die Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe het prof Johann de Villiers onlangs weer 'n student geword – hy studeer vir 'n nagraadse diploma in volhoubare ontwikkeling by die US se Skool vir Publieke Leierskap. RONEL BEUKES het met hom gesels.

Dit is nie die eerste keer dat sy loopbaan 'n ongewone kinkel maak nie. Kort nadat hy as chemiese ingenieur gegraduateer en by Bakke in die Paarl begin werk het, het prof Johann de Villiers vir 'n MBA-graad ingeskryf. Met dié kwalifikasie agter die blad het hy die sakesektor betree en in 1984 is hy akademie toe as dosent by die Universiteit van die Witwatersrand.

Toe De Villiers in 1997 as professor in die US se Departement Ondernemingsbestuur aangestel is, is Ondernemingsbestuur as 'n breë kursus aangebied waarvan die hoofvak uit gedeeltes van vyf vakke bestaan het. "Dit was duidelik dat meer gefokusde programme op voorgraadse vlak nodig was," vertel hy.

Op versoek van die destydse dekaan, prof Estian Calitz, het hy in 2002 vise-dekaan geword met die taak om programme te herontwerp en te bemark. "Dit was 'n uitdaging, want 'n mens moes baie mense op hierdie pad saamneem. Terselfdertyd was dit besonder bevredigend."

Die breë vaksamestelling van Ondernemingsbestuur is vervang met gefokusde voorgraadse programme, wat op hul beurt tot meer gefokusde nagraadse programme aanleiding gegee het.

"Met beter artikulasie tussen die verskillende programme kon studente met heelwat minder moeite van modules verander. Een van die beste posisies waarin 'n mens jou in jou loopbaan kan bevind, is om as die tweede-in-bevel saam met iemand te werk vir wie jy groot respek en bewondering het. Ek was twee keer in my lewe in dié bevoorregte posisie. Die tyd saam met prof Calitz was een daarvan."

"Volhoubaarheid is een van die uitdagings van ons tyd. Ek wil dié uitdaging, asook die teoretiese grondslag wat ons gebruik om dit die hoof te bied, beter verstaan."

Toe Calitz aan die begin van 2003 tot die Universiteit se bestuurspan bevorder is, is De Villiers as waarnemende dekaan aangestel en 'n jaar later as dekaan.

"In sy termyn het prof Calitz hom verbind tot die bevordering van navorsing in die fakulteit. Die grootste uitdaging van my termyn was om hiermee voort te gaan en die fakulteit te posisioneer as 'n instansie wat bydra tot die kennis op ons vakgebied."

De Villiers sê dit het langer geneem as wat hy gehoop het om die fakulteit se navorsingsuitsette bokant die .5-merk te kry. "Uiteindelik het ons dit tog bereik. Ons is trots daarop,



Prof Johann de Villiers

Foto: ROUSSEAU LÖTTER

want ons moes intussen voortgaan om uitnemende onderrig en waarde aan ons studente te bied, en hul sukseskoers verbeter – desondanks die fakulteit se hoë student-tot-dosent-verhouding."

Hy skryf die sukses hiervan toe aan die ondersteuning van uitmuntende personeel. "Die fakulteit is soos 'n reuse-masjien. Baie mense moet bydraes lewer om dit aan die loop te hou."

Een van die mense wat nou met De Villiers saamgewerk het, is sy sekretaresse van die afgelope elf jaar, Marie Malherbe. Op 'n vraag oor watter van sy eienskappe haar die meeste opgeval het, antwoord sy dadelik: "Nederigheid en vriendelikheid – hy leef dit ten volle uit."

Oor die toekoms van die fakulteit sê De Villiers: "Dis lekker om die fakulteit aan iemand te oorhandig oor wie se vermoëns 'n mens regtig opgewonde is. Prof Stan du Plessis is so 'n persoon. Die fakulteit ondergaan tans 'n verjongingskuur en beskik oor knap jong akademici wat, tesame met die vise-dekaan, prof Ronel du Preez, hom kan help om die fakulteit na 'n volgende vlak te neem."

De Villiers gebruik sy jaar lange sabbatsverlof om volhoubare ontwikkeling te bestudeer voordat hy in 2015 na die Departement Ondernemingsbestuur terugkeer. "Volhoubaarheid is een van die uitdagings van ons tyd. Ek wil dié uitdaging, asook die teoretiese grondslag wat ons gebruik om dit die hoof te bied, beter verstaan."

Tydens sy termyn as dekaan het De Villiers en sy vrou, Maureen, albei hul kinders sien graad kry. In Desember 2013 het Michiel, 'n alumnus van die fakulteit, sy LLB- en Renette haar ingenieurswesegraad ontvang. Renette, wat die klarinet speel, het as orkeslid by 75 gradeplegtighede opgetree waarvan die laaste haar eie plegtigheid was.



Die Sentrum vir Studentevoorigting en -ontwikkeling (SSVO) het in Maart hul "Impak-ster van sukses"-plan bekendstel. Volgens Prof Charl Cilliers, direkteur van die SSVO, is die sentrum reeds sedert 2004 besig met ad-hoc aksie-navorsing oor hul impak en koste-effektiewiteit. "Die doel is om te verseker dat ons in lyn bly met huidige en toekomstige professionele tendense en uitdagings, maar ook dat al ons aksies 'n positiewe impak het op ons kliënte op 'n koste-effektiewe en bekostigbare wyse," sê hy. By die amptelike bekendstelling van dié plan op 24 Maart het elke SSVO-personeel 'n plakkaat, DVD en "Impak-ster" ontvang.



Op 12 April, MFM walked away with two awards at the MTN Radio Awards, which was held in Johannesburg. MFM received the awards for "Best Community Project – Campus" for their safety campaign, and for "Best Music Show" for their World Wide Top 40 show. Here are MFM's station manager Charita van der Berg and programme manager Michael Bossenger with the awards.



Die Personeel van die Afdeling Menslike Hulpbronne het paaseiers ingesamel om in die gemeenskap uit te deel. Meer as 700 paaseiers is op 15 April onder die leerders van Dorothea Skool vir Gestremdes uitgedeel. Op die foto wys 'n paar kollegas van MHB die paaseiers, en op die inlasfoto is leerders van die skool.

Foto: ANTON JORDAAN

LUMLEY'S PLACE
ACCOMMODATION | CONFERRING | PRIVATE FUNCTIONS
★★★★

Sincerely Yours

PETER AND BENITA CYSTER
M: +27 (0)82 850 9007

GPS: S 33° 54' 178", E 18° 57' 136"
E: info@lumleysplace.co.za
www.lumleysplace.com

ADVERTENSIES / ADVERTISEMENTS

TE KOOP / FOR SALE

Groot Ou Dubbeldeur Oregon TV/Beddegoed kas met laai onder: R2 000. Ou Geelhout kis: R2 000. "Antique French" geveerde kas: R500. Skakel 082 979 4667.

VERBLYF / ACCOMMODATION

Furnished Apartments: Fully furnished and equipped 2-bedroom apartments in the center of town (Neethlingstreet). Walking distance to town, university, Coetzenburg Sports Field, shops, restaurants, etc. Please have a look at our webpage: www.stellenboschapartment.co.za. Tel: 082 689 8100

SAAMRY / LIFTS

Stellenberg/Vrededekloof – Stellenbosch: Bestaande saamryklub soek een persoon met motor om aan te sluit. Wersure 08:00 to 16:30.

Kontak mhanekom@sun.ac.za of 021 808 2601.

Near Karl Bremer Hospital – Stellenbosch: Existing lift club looking for a person with a car to join. Working hours 08:00 to 16:30.

Contact nmalherbe@sun.ac.za.

Gordonsbaai – Stellenbosch: Maandag tot Vrydag; kantoorure 08:00-16:30. Kontak 021 808 9522 of mirandak@sun.ac.za.

ek wens ...

+27 21 887 3360 • info@carinusstrydom.com • www.carinusstrydom.com

wat is jôu wens? dalk 'n huis, 'n nuwe motor, 'n eilandvakansie ...?

cs asset management se effektrusts, onder beheer van hoogs ervare en kundige fondsbestuurders, en op grond van ooreengekome risikoblootstelling gee jou die geleentheid om jou spaargeld die beste te versorg.

kontak ons by **carinus strydom** en deel jou drome en wense met ons. jou wense kan waar word ...



www.csassetmanagement.co.za